

So pas die COVID-19-entstof gekry?

Welgedaan en dankie dat jy jousef beskerm!

Neuwe-effekte is algemeen. Hier is die dinge waarvoor jy moet uitkyk.



Arm is seer of rooi op die plek waar die inspuiting toegedien is



Koors/kouekoors



Hoofpyn



Moegheid



Spierpyn



Naarheid

- Nuwe-effekte kan so 6 uur na die entstof begin, teen 24 uur 'n hoogtepunt bereik en binne 2 tot 3 dae opklaar.
- As dit nodig is, behandel pyn en koors met parasetamol.
- Nuwe-effekte kan meer opvallend wees as jy jonk of gesond is of reeds COVID-19 gehad het.

Hierdie nuwe-effekte dui aan dat jou liggaam besig is om 'n immuunreaksie op te stel. Die tegniese term hiervoor is "reaktogeniteit". As daar geen nuwe-effekte is nie, beteken dit nie dat jou liggaam nie besig is om 'n immuunreaksie op te stel nie.

Allergieë kom weinig voor

Jy sal dalk 'n ligte allergiese reaksie soos 'n veluitslag hê wat self beter word. Ernstige allergiese reaksies kom uiters selde voor.

Kontak die Sisonke-veiligheidsdiens as:

- Jy enige vrese of vrae oor die Sisonke-program of die entstof het.
- Jy 'n allergiese reaksie ontwikkel, selfs as dit lig is.
- Nuwe-effekte van die entstof erger word of nie na drie dae beter word nie.
- Jy positief toets vir COVID-19.
- Jy om enige rede in die hospitaal opgeneem word.
- Jy swanger word binne drie maande nadat jy die entstof gekry het.
- Jy 'n COVID-19-teenliggaamtoets nodig het.
- Jy aan 'n ander studie deelneem.

Sisonke-veiligheidsdiens

0800 014 956

of

www.sisonke.samrc.ac.za



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



Jy kan dalk nog COVID-19 kry. Hier is hoekom.

- Jy kan nie COVID-19 kry van die entstof nie omdat daar nie lewendige koronavirus in is nie.
- Dit is nog steeds moontlik om COVID-19 te kry omdat geen entstof 100% doeltreffend is nie.
- Jy het dalk COVID-19 opgedoen voordat jy ingeënt is (dit kan tot 14 dae neem voordat COVID-19-simptome begin).
- Jy kan dit opdoen in die eerste twee weke nadat jy ingeënt is terwyl jou immuunstelsel opgelei word om COVID-19 te beveg.



COVID-19
Openbare Blitslyn
0800 029 999




Moenie newe-effekte van die entstof met COVID-19-simptome verwar nie!

- As jou koors langer as twee dae aanhou of as jy 'n aanhoudende hoes, seer keel, of veranderinge in jou vermoë om te proe of ruik ontwikkel na jou inenting, het jy dalk COVID-19.
- isoleer jouself en reël om 'n COVID-19-toets te laat doen. Kontak jou gesondheidsorgverskaffer, COVID-19-blitslyn of Veiligheidsdiens.

Selfs al kry jy COVID-19, sal jy heel waarskynlik nie ernstig siek word of sterf van COVID-19 nie.

Ons weet nog steeds nie of die entstof die verspreiding sal stopsit nie. Moenie vergeet van COVID-19-voorkoming nie!

- Dra 'n masker in die openbaar.
- Behou so veel as moontlik 'n afstand tussen jou en ander mense buite jou huis.
- Vermyn groot groepe mense en beknopte areas – hou klein samekomste buite.
- As gesondheidsorgwerker, hou aan om standaard-PPE (persoonlike beskermende toerusting) by die werk te dra.



Ons is nie veilig totdat ons almal veilig is nie.



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

